# HOOFSTUK V.

## Die Polisiewese onder Britse bestuur.
Die Polisiewese onder Britse bestuur.

Een van die hoofklagtes teen die Britse Regering van Transvaal tussen 1877 en 1881 was dat dit te onaktief was en die land op 'n traak-my-nieagtige wyse bestuur het.[1] Hierdie aanklag geld tot 'n baie groot mate vir die polisiediens. Aanvanklike halfhartige maatreëls, wat 'n tydelike voorkoms vertoon het, en latere pogings tot die daarstelling van 'n meer permanente stelsel, wat weer te ambisieus was vir Transvaalse toestande, het gesamentlik daartoe gelei dat die polisiediens in 'n veel powerder toestand deur die tussen-regering gelaat was as wat dit in 1877 daar uitgesien het. Polisietoestande kan gedurende hierdie tydperk in twee periodes verdeel word. Daar was eerstens die Zoeloe-polisie wat veral op die platteland en Pretoria 'n leidende rol sou speel. Na gelang hierdie stelsel as gevolg van verskeie faktore verval het, het die tweede tydperk, die van naarstiglike soeke na 'n beter reëling in verband met polisie, na vore getree. Die eerste tydperk word gekenmerk deur 'n houding van God's water oor God's akker en die tweede deur veel geskreeu en weinig wol.

### Die dorpe.

Hier het die ou stelsel van polisiediens onder toesig van die landdros behoue gebly. Na die anneksasie het baie polisiedienaars van Shepstone se aanbod om

hulle /.......

1) Vorster, J.A.: Die Engelse Administrasie van die Transvaal gedurende die Eerste Anneksasie periode, 1877-1881 (M.A.-verhandeling, ongepubliseerd, U.P., 1951, bl. 50).

hulle betrekkings te behou,[2] gebruik gemaak. Ons vind dan nog steeds Schouts of „head constables" op die dorpe en, soos van ouds, het die aanvraag eerder toegeneem as andersom.[3] Die ou stelsel van jaarlikse tenderaanvrae vir polisie en gevangenebehoeftes is nog gebruik, vrederegters is nog aangestel, meeste egter nou Engels; die tipe persoon wat as konstabel gebruik is, was so swak soos ooit tevore[4] en die dienste van spesiale konstabels moes nog steeds aangewend word, veral in tye van nood, soos tydens die opstand te Potchefstroom in November 1880.[5] Spesiale konstabels is ook, soos in die beginjare van die Republiek, opgeroep vir die handhawing van wet en orde tydens hofsittings.[6] Om die kort te stel, het die polisiediens op die dorpe voortgegaan soos in die dae voor die anneksasie.

Die eerste merkbare verandering t.o.v. polisie was die grootskaalse invoer van Zoeloe-konstabels uit Natal. Hoewel hulle later veral teen Sekoekoeni gebruik sou word, is hulle aanvanklik vir die dorpe, en veral skynbaar vir die setelplaas, bedoel. 'n Afdeling van twintig van hulle het reeds op 4 Mei 1877 in Pretoria onder bevel van sub-inspekteur Phillips, opgedaag.[7] Hoewel hulle nie lank vertoef het nie,[8] het 'n verdere

afdeling /....

---

2) Staatscourant, 12 April 1877.

3) De Volkstem, 5 Februarie 1878.

4) Vgl. bv. ibid, 12 Junie 1880, waarin verhaal word van 'n inbraak by 'n drankwinkel in Pretoria deur 'n blanke konstabel en twee ander persone. Die diewe is nie geaaresteer nie aangesien die ander twee blanke konstabels op die tydstip dronk was. Op driftige wyse word die artikel beeindig met „Such is the way in which our public peace is being guarded."

5) De Volkstem, 20 November 1880.

6) R4906/80: High Sheriff aan Regeringsekretaris, dd. Pretoria, 18 November 1880.

7) De Volksstem, 9 Mei 1877.

8) Ibid., 30 Mei 1877. Hulle is weer op 28 Mei na Natal terug.

afdeling in Junie aangekom[9] om die begin van die permanente instelling van Zoeloe-polisie onder die Engelse bestuur in te lei. Die rede vir hierdie instelling was skynbaar dat Shepstone meer vertroue in die Zoeloes gestel het as in die naturellekonstabels wat plaaslik gewerf kon word. As naturellekommissaris van Natal[10] het hy reeds met hulle te doen gehad en het hy gevoel dat hy, onder die ongestadigde toestande wat hy in Transvaal as gevolg van sy anneksasie kon verwag, op hulle kon reken. Die Natalse konstabels het ook deel uitgemaak van die algemene ombou van die administrasie op die voorbeeld van die stelsel van Natal en Shepstone het dan ook sy vriende saamgebring om die regering waar te neem. Die Zoeloes het skynbaar ook 'n deegliker opleiding gehad as die plaaslike „zwarte sonstabels" en ook hulle werk deegliker verrig, want „De Volkstem" kon getuig dat

> „During the month of July (1877) no less than 82 police cases have been tried by die Landdros of Pretoria. The new Zulu Police do their duty well!" 11)

Die meeste gevalle waarmee die polisie te doen gekry het, was blykbaar steeds dronkenskap en naturelle wat gedurende die nag rondgeloop het.

Bogenoemde woorde was egter die laaste goeie uitspraak wat die Pretoriase nuusblad oor die nuwe polisie gedoen het. Oor die houding van „De Volkstem" teenoor die Britse regering [12]. Trouens, die hele onderneming het gou 'n mislukking geblyk te wees. In die

eerste./......

9) Ibid., 3 Junie 1877.
10) Uys, C.J.: In the era of Shepstone, (Lovedale (1933) bl.xi).
11) De Volkstem, 8 Augustus 1877.
12) Sien Badenhorst, P.G.: Die Geskiedenis van „De Volkstem", 1873-1900 (M.A.-verhandeling, Univ. van S.A., 1940).

eerste plek moes die konstabels hulle in 'n vreemde omgewing aanpas. Hulle was gewoond om diens te doen op die Natalse platteland en tussen hulle eie mense en dit was vir hulle nie maklik om hulle by die blanke en die dorpe aan te pas nie. Ten tweede was daar die verskil in spraak wat die uitvoering van hulle taak baie bemoeilik het[13] en ten slotte het beide hierdie faktore daartoe bygedra dat hulle gou reeds na hulle eie mense begin verlang het. Die gevolglike toenemende ondoeltreffendheid van die diens, gesteun deur die toenemende gees van Republikanisme het veroorsaak dat „De Volkstem" teen 1880 sy houding heeltemal gewysig het teenoor hierdie Engelse instelling en selde 'n geleentheid laat verbygaan het om die polisie-administrasie aan te val. Veral is heftig uitgevaar teen die gebruik om blankes deur naturellekonstabels te laat arresteer:

> „In ieder geval is het schandelyk om toe te staan dat die kafferkonstabels de blanke behandelen zoo als zy tegenwoordig doen." 14)

Die betrokke korrespondent het skynbaar vergeet dat arrestasie van blankes deur naturelle ook onder die Republikeinse regering toegelaat is. Tog was dit in ooreenstemming met die gevoel van die tyd om by te voeg dat

> „De outoriteiten zullen het zich een dag beklagen".

Selfs meer as onder die Republikeinse bewind, was geldtekort tydens die Britse tydperk 'n vername oorsaak vir die swak fungering van die administrasie[15] en /.....

---

13) R556/80: Landdros van Pretoria aan Regeringsekretaris, dd. 6 Februarie 1880.

14) De Volkstem, 13 Julie 1880.

15) Leyds, W.J.: De Eerste Annexatie, Amsterdam, 1906, bl. 249.

en hoewel Shepstone vroeg reeds gewaarsku is dat

> „The coat must be cut according to the quantity of cloth available." 16)

kon finansiële sake maar nie vlot nie. In 1887 is £2608-2-7 op die begroting vir polisie en gevangeniswese geplaas.[17] Die bedrag is geleidelik vermeerder totdat die begroting vir 1881 £5670 vir die doel beskikbaar gestel het.[18] Hierteenoor is £4225 gedurende 1876-1877 onder die Suid-Afrikaanse Republiek uitgegee aan salarisse vir polisie alleen.[19] Die hernude stryd teen Sekoekoeni en die gebruikmaking van Zoeloe-polisie teen hom, het 'n groot gedeelte van die jaarlikse begroting in beslag geneem. Sedert 1878 moes Zoeloe-polisie vanuit Lydenburg en Pretoria in die stryd gewerp word[20] met die gevolg dat misdaad en wanorde in Pretoria, weens die afnemende getal geregsdienaars, toegeneem het. Toe 'n aantal jong oproermakers en soldate tydens 'n nagmaal in 1879 oproer op die Kerkplein veroorsaak het, kon geen polisie gevind word om orde te herstel nie.[21] 'n Vername nuwe rusverstorende faktor was die uitgebreide ordeloosheid onder die Engelse troepe in Transvaal waardeur beide die dorpe en platteland verontrus is:

> „there were more than a score of soldiers at one time in prisons undergoing sentences for various civil offences of a bad type .... shooting cattle and sheep ... breaking into stores, etc." 22)

Drostery /......

---

16) Uys, a.w.: bl. 404.
17) Buitengewone Staatscourant, 27 Februarie 1880.
18) Ibid., 29 November 1880.
19) Ongedateerde byvoegsel tot die Staatscourant, 1877.
20) De Volkstem, 19 Februarie en 9 April 1878.
21) Ibid., 10 Oktober 1879.
22) Bellairs, Lady: The Transvaal War, 1880-1881, Londen, 1882, bl. 49.

Drostery het steeds toegeneem totdat die „Deserters" Report" vir Oktober 1880 tweehonderd-een-en-veertig name bevat het.[23)]

As gevolg van die kroniese geldtekort, tesame met die verplasing van die reeds ondoeltreff4nde Zoeloes na die Zoutpansberg-area en Zoeloeland-grens, en gesterk deur die Regering se beleid om alles bloot aan die gang te hou sonder om verbeterings aan te bring, het die polisiediens op die dorpe voor die einde van die sewentigerjare feitlik nie meer bestaan nie. Die finale terugslag, waardeur die polisiediens in Pretoria geheel en al tot stilstand sou kom, was 'n staking van Zoeloe-polisie vroeg in 1880. Die konstabels het daarop gewys dat hulle £4 per maand in Natal kon verdien terwyl hulle vir £2 in Transvaal moes werk en dit ver van huis en haard.[24)] In Lydenburg was sake ewe onbevredigend en moes die blanke dorpsbewoners self die interne orde bewaar.[25)]

Toestande het teen die begin van 1878 reeds tot so 'n mate versleg dat dit dikwels nodig was om van die dienste van spesiale konstabels gebruik te maak. Maar weens die geldtekort kon selfs hierdie dienste, wat tydens die Republikeinse tydperk slegs as 'n laaste uitweg gebruik is, nie aangewend word nie.[26)] Dit het selfs so ver gegaan dat 'n aanklaer self vir die agtervolging ven inhegtenisname van 'n misdadiger moes

betaal /....

---

23) Staatscourant, 26 Oktober 1880.

24) R556/80: Landdros van Pretoria aan Regeringsekretaris, dd. Pretoria, 6 Februarie 1880.

25) De Volksstem, 9 April 1878.

26) Ibid., 5 Februarie 1878. Die begroting vir 1880 stel slegs £250 beskikbaar vir addisionele polisie en gevangenisse (Staatscourant, 9 Maart 1880).

betaal! [27] Die toename van misdaad is deur „De Volksstem" toegeskryf aan die

„Afwezigheid van eene behoorlyk zamengestelde politiemagt, welke onze penny-wyze en ponds-dwaze Regering genadiglyk goedgevonden heeft onnodig te verklaren." [28]

Die ellendige toestand wat ontstaan het, het toe gevolg gehad dat „De Volksstem" sy aanval op die administrasie verskerp het en wanneer 'n inbraak plaasgevind het, kon 'n sarkastiese opmerking soos

„natuurlyk was geen spoor van de inbrekers te vinden." [29]

verwag word. Dit kan veilig aangeneem word dat „De Volkstem" in hierdie verband die algemene gevoel van die dorpsbewoners, Engelsgesindes ingesluit, vertolk het.

Die platteland.

Op die platteland het die toestand van die polisiewese ewe-eens tred gehou met die verswakking van sake onder die nuwe bestuur. Hoewel die besluit van die Volksraad van 7 Maart 1877 om 'n aparte Departement van Naturellesake in te stel, deur die Britse bestuur uitgevoer is[30] en Zoeloe-polisie-afdelings teen die middel van 1878 onder kaptein Clarke, kapt. Ferreira en Stewart[31] in die area geplaas is, het sake in die Lydenburgse distrik weereens in 'n toestand van oorlog verval. Dahl, wat nog steeds as naturelle-kommissaris opgetree het, se laste het vermeerder. Hy is onder andere

opgedra /....

27) De Volkstem, 5 Februarie 1878.
28) Ibid.
29) Ibid., 12 Oktober 1880.
30) Huyser, a.w., bl. 1321
31) De Volkstem, 2 Julie 1878.

opgedra om Albasini, wat geweier het om die eed van trou aan die nuwe Regering af te lê, in hegtenis te neem.[32] Dahl, wat nie gewillig was om sy naturelle-konstabels vir die doel te gebruik nie, moes weereens die mening uitspreek dat hy

„zou liever een blanke magt achter zyn rug hebben." [33]

Dit was die ou klagte wat ewemin onder Britse as onder Republikeinse gesag ten uitvoer gebring kon word weens gebrek aan geldmiddele.

Deur toegewydheid en kragsinspanning het Dahl daarin geslaag om die naturellestamme in 'n toestand van rus te hou ten spyte van die gebrek aan polisie, die behoefte waaraan algemeen gevoel is.[34]

Die oprigting van so 'n blanke mag het nie verder gekom as 'n agt-en-twintigtal „provisioneel politie" onder kapt. Aylward nie en is met groot moeite in Lydenburg, Spitskop en veral die goudvelde gerekruteer. Hulle is met perde en gewere van die eertydse Lydenburgse vrywilligers uitgerus.[35] Die blankes het dadelik die Zoeloes oorskadu.[36] Dit sou goed gewees het as hierdie mag op 'n meer permanente basis ingerig kon word. In plaas hiervan egter is alleen die Zoeloe-polisie versterk waaroor „De Volkstem" die volgende profetiese woorde gespreek het:

„Man/.....

---

32) Ibid., 16 Mei 1877. Albasini het later wel sy geneëntheid teenoor die nuwe regering uitgespreek (R3069/77: Albasini aan Sir Morison St. Barlow, dd. Zoutpansberg, 5 Augustus 1877) Vgl. ook De Vaal, a.w., bl. 142.

33)IIbid., 23 Mei 1877.

34) Ibid., 6 Junie 1877. Vir Aylward se skatting van sy eie woorde in hierdie verband, sien Uys; a.w., bl. 334.

35) Ibid., 19 Februarie 1878, en Aylward: a.w., bl. 240.

36) R2603/78: Lt.M'Garth aan Regeringsekretaris, dd. 9 Julie 1878.

„Man had gehoopt dat de ervaring in de oude Kolonie opgedaan (tydens die pas afgelope naturelle-onluste aldaar) en de opinie van lieden even bekwaam als de groote Somtseu (Shepstone), de Transvaal zouden behoed hebben voor ene naturrllen-policie, waarin niemand gelooft dan diegenen die aangetast zyn door de ziekte bekend als Zulumanie. De officieren van de Zulu policie zullen de kans hebben om de nieuwigheid der gewaarwording te ervaren om van achter door hunne vrienden van voor door hunne vyanden bestookt te worden." 37)

Die vyandige houding van Cetchwayo teenoor die Natalse en Transvaalse Regerings het dan ook tot gevolg gehad dat die Zoeloe-polisiemag wat teen Sekoekoeni gebruik is, in passiewe opstand gekom het, wat die ingryping van vrywilligerskorpse genoodsaak het.[38)]
Tereg is dan ook gevoel dat:

„wat de laatsten (Zoeloes) betreft, zy kunnen even goed heen gezonden worden want zy deugen nergens voor." 39).

Ook Aylward, wat die Britse regering goedgesind was, het die volgende oor die Zoeloes te sê gehad:

„Then arrived in Lydenburg the Zulu Police, a body of dressed armed savages, intended for the protection of the border." 40)

Soos op die dorpe, het die Zoeloe-polisie op die platteland, waar hulle ontwapen moes word, op 'n fiasko uitgeloop en was dit nodig om die vrywilligers met gereelde troepe aan te vul.[41)] Iets wat seker nie in ooreenstemming met die doel van die anneksasie kon gewees het nie.

Die naturellepolisie op die platteland was swak beheer, en in plaas van die voorbeeld van Dahl te volg deur voortdurende opleiding vir die konstabels te reël, het /....

---

37) De Volkstem, 22 Januarie 1878.
38) Ibid., 20 Augustus 1878.
39) Ibid.
40) Aylward, a.w., bl. 247.
41) De Volkstem, 10 September 1878.

het die bevelvoerders van die Zoeloe-polisie onder die grootste nood in die gebied, tyd gevind vir 'n atletiek-byeenkoms ter ere van die koninginsverjaarsdag.[42] Die Zoeloe-korps kon ook nooit die mobiliteit van die vroeëre vrywilligerskorps aan die dag lê nie[43] en sake was naderhand so in die war dat Dahl sy pos as naturelle-kommissaris neergelê het.[44] In Waterberg was eweneens geen polisie meer nie.[45] Hierby het nog gekom dat die Vrywilligerskorps wat in Maart 1878 opgerig was met die doel om Pretoria te beskerm,[46] in aller yl na die Zoeloeland-grens gehaas moes word om teen Cetchwayo op te tree.[47]

Ook in hierdie verband het „De Volkstem" vir Shepstone geen rus gegee nie en 'n brief aan die blad verklaar dat

> „Sir Theophilus kan ons niet helpe indien wy onszelven niet willen helpen." [48]

Die organisasie van die Zoeloe-polisie was, vir solank dit bestaan het, op 'n gevorderde militêre grondslag gebaseer. Behoorlike rolle en boekhouding is gebruik.[49] Die mag is in gerieflike troepe verdeel, elk onder 'n blanke officier [50] terwyl daar wapensmede,[51] kwartiermeesters[52] en dril-inspekteurs aan /.....

---

42) Ibid., 17 Junie 1878.
43) Ibid., 12 Maart 1878.
44) Ibid., 19 Junie 1878.
45) Staatscourant, 26 Maart 1878.
46) De Volkstem, 1 Februarie 1879.
47) Ibid., 20 November 1880.
48) Brief aan De Volkstem, dd. Assegaairivier, 1 Mei 1878.
49) R3163/78: Clarke aan Regeringsekretaris, dd. 4 September 1878.
50) R2057/78: Austin aan Regeringsekretaris, dd. Lydenburg, 18 Julie 1878.
51) R1366/78: Sterling aan Regeringsekretaris, dd 29 April, 1878.
52) R631/78: Sekretaris van naturellesake. aan Regeringsekretaris, dd. Utrecht, 29 Januarie 1878.

aan elke troep verbonde was.[53] 'n Soortgelyke stelsel sou in die „Rydende Politie" van die tagtigerjare en daarna in swang wees.

Planne ter verbetering van die polisiediens.

Die aanvanklike maatreëls wat getref is om Transvaal na die anneksasie te bestuur, was soos hierbo geblyk het, grotendeels weens die onaktiewe wyse waarop die bewindhebbers, en veral die veroweraar, Shepstone, sake aan die gang gehou het sonder om verbeterings aan te bring,[54] tesame met die steeds verswakkende ekonomiese toestande,[55] teen 1879 uitgedien.

Die Zoeloe-polisie, waarvan aanvanklik soveel verwag is, het beide op die dorp en platteland misluk sodat toestande na twee jaar van Britse bestuur aanmerklik swakker daar uitgesien het as met die tyd van die anneksasie.

Konfidensieel het Sir Bartle Frere op 2 Mei aan sir Michael Hicks-Beach geskryf dat indien hy nie dit self aanskou het nie, hy nooit sou kon glo dat sake binne die bestek van twee jaar so in die war kon loop nie.[56]

Om die toestand wat op die ineenstorting van die Zoeloe-polisie gevolg het enigsins te beredder, het Frere op 6 Mei in oorleg met Lanyon die raamwerk van 'n konstitusie aan sir Michael Hicks-Beach voorgelê.[57] Hy het die stelsel van administrasie wat in swang was sterk veroordeel en gevoel dat

„A /.....

53) Ibid.
54) Vorster: a.w., bl. 90.
55) Ibid., bl. 62.
56) Leyds: a.w., bl. 305.
57) C2482, no. 7, Frere aan Hicks-Beach, dd. 6 Mei 1879.

> „A regular police under control of the Government is at the present moment a matter of the first necessity."

Hy vra dat die ou stelsel, waarvolgens elke boer as patriargale hoof van die gemeenskap op sy plaas, die nodige polisiefunksies met behulp van sy bure verrig het, gewoonlik volgens eie oordeel en diskresie, behoue moes bly, veral in die verafgeleë dele. Die breëre samestelling van die gemeenskap het egter intussen sodanig verander, dat so 'n polisiestelsel nie meer voldoende was nie en vandaar sy aanbeveling van 'n goed georganiseerde polisiediens. Die klagtes wat hy oor die polisiediens in Transvaal gelug het, tesame met die feit dat die tekortkomings daarvan algemeen gevoel is, was, soos in vorige hoofstukke opgemerk, nie nuut nie en die Volksraad het voor die anneksasie reeds die behoefte aan 'n verbetering op die platteland gevoel.[58] Opvallend is egter dat Frere dit veral teen die dorpspolisie het en die plattelandse diens, waaroor Shepstone al die bohaai voor die anneksasie gemaak het, as voldoende beskou, en dit sonder inagname van die bydrae van die veldkornette.

Frere se voorstel aan Hicks-Beach het 'n „Protective, preventative and detective" polisiediens beoog wat moes sorg vir die handhawing van wet en orde in Transvaal en wat ook militêre take moes behartig, soos trouens die stelsel in Natal, Griekwaland-Wes en die Kaapkolonie was.[59] Elkeen van die drie afdelings moes/....

---

58) Sien hierbo voetnoot 140.

59) C2482, no. 7, bylaag 3.

moes dan ook 'n ooreenstemmende militêre voorkoms hê.

Die „Protective" afdeling sou veral op die platteland werksaam wees en bestaan uit Afrikaners en Engelse immigrante, wat die voordeel van 'n Europese opvoeding geniet het. Hulle moes in Transvaal gewerf word, gesond en jonk wees en nie gebroke persone wat van hulle lewe 'n mislukking gemaak het nie. 'n Afdeling van die diens sou uit naturelle bestaan wat slegs as agterryers moes dien om die beswaar teen die inhegtenisname van blankes deur naturelle uit te skakel. Hierdie tak van die diens sou berede wees en met ruitery vergelyk kan word.

Die „Preventive" afdeling sou meer vir diens op die dorpe bedoel wees en as dorpswagte, tronkbewaarders en konstabels optree. Hulle moes egter ook goeie „cattle trackers' wees om gesteelde vee in die distrikte op te spoor. Hierdie afdeling sou ook blanke en nie-blanke elemente insluit en alleen volgens die maatstaf van diensbaarheid gekies word. Hulle sou die infanterie van die korps uitmaak.

Die „Detective' afdeling sou die klein maar belangrike „elite" seksie wees. Die lede moes skerpsinnig en intelligent wees en sou die speurafdeling of inligtingsdiens van die polisie uitmaak en nie noodwendig 'n uniform dra nie. Offisiere moes streng gekeur word.

Volgens Frere was Lanyon die aangewese persoon om aan die hoof van so 'n polisiemag te staan aangesien hy reeds ondervinding van polisie opgedoen het in Griekwaland-Wes en goed bekend was met polisie-sisteme in Ierland en Indië. Knopneus-kaffers is as die

geskikste /....

geskikste vir die naturellepolisie beskou.[60)]

Beide Frere en Lanyon het gevoel dat hierdie maatreëls in die dringendste eise sou voorsien.[61)]

Frere se voorstel het weinig nuuts bevat. King,[62)] Bell,[63)] Dahl,[64)] Scholtz[65)] en die Volksraad het almal voor 1877 voorstelle vir die verbetering van die polisiediens op die platteland gemaak en om dieselfde rede waarom hulle voorstelle onuitvoerbaar was, sou ook Frere s'n op die rotse beland, naamlik weens 'n tekort aan fondse.

In sy verweerskrif sou Shepstone dan ook die Britse Regering daarop wys dat 'n polisiemag soos deur Frere voorgestel is, vir Transvaal onbekombaar was[66)] en daar het dan ook niks van gekom nie.[67)]

Nogtans het Frere wat met meer administratiewe kennis as die Transvalers kon spog, met 'n nuwigheid voor die dag gekom. Dit was naamlik die afsonderlike speurafdeling wat die derde gedeelte van sy diens sou uitmaak. Hoe groot die behoefte aan so 'n diens was, is moeilik om vas te stel. Dit het nie deur die herstelde Republiek as 'n onontbeerlikheid beskou was nie, blyk daaruit dat die eerste aparte speurdiens in die Zuid-Afrikaansche Republiek eers in 1898 ingestel is,[68)]

Tog /....

---

60)C2740, bls. 83: Lanyon aan Lord Kimberley, dd. 12 Oktober 1880.

61) C2482, no. 7.

62) Sien hierbo bl. 113.

63) Sien hierbo bl. 117.

64) Sien hierbo bl. 110.

65) Sien hierbo bl. 97.

66) C2482, no.6: Shepstone aan Koloniale Kantoor, dd. 12 Julie 1879.

67) Vorster, a.w.: a.w., bl. 90.

68: Staatscourant, 20 April 1898.

Tog is daar reeds in hierdie tyd, soos trouens voor die anneksasie, as gevolg van geweersmokkelary, speurdiens op die goudvelde en onder die naturelle-kommissarisse verrig.

Die hoop om gesonde en jong manne te verkry sou seker enige landdros laat glimlag het.

Die volgende poging tot die oprigting van 'n gesentraliseerde polisiemag sou van die Uitvoerende Raad, wat aan die begin van 1880 ingestel is,[69] kom. Nadat die Raad 'n wetsvoorstel vir die verbetering van gevangenisse en veilige versekering van gevangenes in Mei 1880 afgehandel het,[70] om in hierdie verband aan 'n behoefte te voorsien, is in Junie ook 'n wet aangeneem ter oprigting van 'n „Transvaal Police"[71] Die mag sou nie volgens Frere se voorbeeld ingedeel word nie maar as 'n geheel fungeer.

> „within or without the province, for preserving the peace and preventing robberies and other crimes and apprehending offenders against the peace and also as a military force for the defence of the province." 72)

Die dienspligtigheid van die mag buite die grense van die Transvaal dui op die steeds bestaande hoop op federasie.

Die mag is onder direkte bevel van die administrateur geplaas aan wie die opstel van regulasies oorgelaat is

> „respecting the training arms and accountments, clothing and equiptment... as may be required ... and (he) shall direct the employment and distribution of the said force." 73)

Wat /.....

---

69) Ibid., 8 Januarie 1880.
70) Ibid., 3 Mei 1880.
71) Ibid, 15 Junie 1880.
72) Wet ter oprigting van die „Transvaalsche Police" Deel I, art. 1(Staatscourant, 15 Junie 1880).
73) Ibid., Deel I, art. 1.

Wat die pligte van die „Transvaal Police" betref, is alleen bepaal dat

> „ The members of the aforesaid force, shall.. ... have such powers .... as any police officers or constables may have." 74).

Daar word nie gemeld of die polisie blank of nie-blank, berede of on-berede sou wees nie. 'n Verdere nuwigheid wat sy verskyning hier maak is die instelling van 'n pensioenskema.[75] Of die toestand van die finansies so 'n stap geregverdig het, is te betwyfel.

Ook van hierdie skema sou niks tereg kom nie en met die afwerping van die Engelse gesag in 1881, was die „Transvaal Police" nog net waar die Uitvoerende Raad dit sewe maande tevore gelaat het.

Die Britse regering het dus, om die minste te sê, alleen die polisiediens ontwrig en aan die Republiek niks konstruktiefs gelaat nie.

Verder word die tydperk gekenmerk deur die verdwyning van die toneel van zulke persone soos Scoble,[76] Bell,[77] Dahl[78] en Van Deventer[79] wat gedurende die Eerste Republikeinse periode nou aan die polisiediens verbonde was.

---

74) Ibid., Deel I, art. 5.

75) Ibid, Deel II.

76) Hy is vervang deur Gunn as Goud-Kommissaris en het hom as Landdros te Lydenburg gevestig. (Atcherley, R.J.: A trip to Boerland, Londen, 1879, bl. 98).

77) Hy is in 1877 vermoor onderwyl hy met die uitvoering van sy pligte besig was (Aylward; a.w. bl. 247).

78) Dahl het in Junie 1880 bedank;(Volkstem, 19 Junie 1880) en hom in gefortifiseerde huis (Fort Klipdam) wat hy self gebou het, in die Lydenburg-distrik gevestig (Distant, W.L.: A naturalist in the Transvaal, Londen, 1892, bl. 97-98).

79) Van Deventer, wat onder die Britse bewind diens gedoen het in die polisie in die Lydenburgse area, is op 3 Mei te Fort Weeber oorlede (De Volkstem: 9 April, 1878).